# DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

**24 Mei 2026**

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in Kosmos in die kerksaal. Met dank aan Elisma Lotz en span.

Baie dankie aan Dienende Hande wat verantwoordelik was vir die reëlings t.o.v. die bediening van sop en broodjies na die Pinkster-dienste in Kosmos. Baie dankie aan almal wat sop en broodjies gemaak het.

## Gebedsonderwerpe

- Bid vir die kerkraadsvergadering Dinsdagaand. Bid vir die voorsitter en elke kerkraadslid, dat almal sal deelneem met goedgesindheid en openheid vir die leiding van die Gees sodat die regte besluite geneem sal word.
- In baie dele van die land het boere die afgelope tyd geweldige verliese weens natuurrampe gely. Bid vir elke boer vir die moed om voort te gaan en wysheid om die uitdagings te hanteer. Bid ook dat die regering effektiewe bystand sal bied.
- Melanie en die bestuur van Helderberg Uitreik. Bid vir wysheid met besluite en vir goeie onderlinge verhoudings en samewerking tot voordeel van al die projekte.
- Volgens berigte is IS (Islamitiese Staat) besig om hulle bedrywighede al verder suidwaarts in Afrika te probeer uitbrei. Bid dat regerings die bedreiging ernstig sal opneem. Bid vir bevolkings wat alreeds onder die aktiwiteite van IS ly.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com

### MEI se deurkollektes

03 Mei: Gemeentebediening – R1 665
10 Mei: Ass Bybelse Berading & Opl – R1 290
14 Mei: Hemelvaartdag – Bybelgenootskap
17 Mei ogg: Pinkster – Bybelgenootskap – R1 592
17 – 21 Mei aande: Pinkster – Bybelgenootskap
24 Mei: Projekte 2026
31 Mei: Sinode: Bediening aan die Jode

### Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 28 Mei om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## PINKSTERNAGMAAL 09:30

Goeiedag en baie welkom by vanoggend se Pinksterfeesviering. Dit is ook vanoggend Nagmaal. Vanoggend se Skriflesing is uit Psalm 51:8-15. Ons sluit vandag die Pinksterreeks af met die tema: **"Vorm tot U diens ons hart, o Heilige God."** As jy jou oë rig na die preekstoel, bokant die kruis, sal jy hierdie woorde daar sien. Die Heilige Gees is uitgestort en woon nou in jou. Deur die Heilige Gees roep die Here jou, en deur Hom stuur Hy jou ook. Daarom is dit belangrik om jou hart aan Hom oor te gee, sodat Hy jou kan vorm volgens sy wil.

## Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

### Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
27/05: 10:00 in Patmos

**Aande: weekliks**
27/05: 18:00 in Patmos

### Gebedsgroep Woensdae

27 Mei om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Annette Stander,** oogoperasie en innige simpatie met haar suster se afsterwe.
- **Smittie Loubser** se familie, met sy afsterwe
- **Dawie Rossouw,** sterk tuis aan, maar kry nog steeds behandeling.
- **Marcel Malan,** ondersteunende versorging.
- **Annet Claassen,** herstel na rugoperasie.
- **Cecile vd Poel,** herstel na heupvervanging.
- **Rassie Erasmus,** tuis na hospitalisasie.
- **Alecia Waring,** tuis na hospitalisasie.
- **Buks v Zyl,** HML Siekeboeg.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Christo Meyer,** broos.
- **Ina Montini,** broos.


*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*



# PINKSTER 2026

## Pinksterreeks:
## 'n Kerkgebou en die Heilige Gees

| Datum | Tema | Teks |
|---|---|---|
| Sondag, 17 Mei (09:30) | Woelewaters | Joël 2:28-32 |
| Sondag, 17 Mei (19:00) | Die doopbak | Handelinge 8:26-40 |
| Maandag, 18 Mei (19:00) | Die kerkgebou se plafon | Job 38:16-24 |
| Dinsdag, 19 Mei (19:00) | *"Waar daar liefde is.....* | Rut 1:16-17 |
| Woensdag, 20 Mei (19:00) | Die kerkbanke | Prediker 5:1-2 |
| Donderdag, 21 Mei (19:00) | Die hoeksteen | Efesiërs 2:20 |
| Sondag, 24 Mei (09:30) Pinksterfees Nagmaal | Vorm tot U diens ons hart, o Heilige God | Psalm 51:12-13 |

Alle deurkollektes tydens Pinkster gaan vir Bybelgenootskap.

# Kategese: 24 Mei 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

## Kinderpinkster: In die kerksaal

### God se Extreme Makeover:
### Veiligheidstoerusting



Almal praat sommer van **PPE.**
(**P**ersonal **P**rotection **E**quipment) op die "jobsite". Harde hoede, staalpuntskoene, reflektorbaadtjies, "earmufs", handskoene en enige ander vorm van beskerming wat nodig is om die bouwerk gedoen te kry.
Nehemia se mense het nog ekstra beskerming nodig gehad terwyl hulle gebou het. Daar was mense wat hulle wou keer om die muur te bou. Hulle moes 'n beskermingsplan in werking stel. Ons praat oor hoe hulle **PPE** gelyk het en ook hoe ons eie **PPE** as kinders van die Here moet lyk.
Nehemia 4:17: "***Die werkers wat die boumateriaal aangedra het, het hulle werk met die een hand gedoen. In die ander hand was 'n wapen. Al die bouers het die werk gedoen met 'n swaard aan hulle sye vasgemaak***."

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**
**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**




# Herfsmark 2026

Ons Herfsmark is om die draai en beloof om 'n heerlike kuier en koop geleentheid te wees. Bemark asb. hierdie geleentheid onder julle familie en vriende en kom kuier lekker saam met ons. Daar gaan genoeg te ete wees: lekker hamburgers & skyfies, boereworsrolle, jaffles, pannekoek, poeding, teekamer en nog vele meer. Ons het ook heelwat buite-uistallers wat bydra tot 'n lekker verskeidenheid van produkte en items. Kom loer gerus!

**Allerlei:** Skoon, bruikbare en werkende items kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word tot en met **Maandag, 25 Mei 2026**.

**Gebak:** Ons herinner graag dat almal wat **koeke, terte** en **beskuit** vir die Herfsmark wil skenk, dit asb. **Vrydag, 29 Mei tussen 08:00** en **17:00** by die kerksaal afgee.

**Kleinkoekies:** Baie dankie aan almal wat die afgelope week kom koekies bak en verpak het. Alhoewel daar baie hard gewerk is van vroeg tot laat, was daar 'n vrolike gewoel en gewerskaf in die kombuis met die heerlikste geure wat die lug gevul het.

Indien jy nog onseker is waar om by die Omgeegemeente in te skakel, is die Herfsmark 'n goeie beginpunt. Kontak die sameroepers hieronder gerus en bied asb. jou hulp aan. Ons het altyd hulp en hande nodig en alle nuwelinge is hartlik welkom!

## HERFSMARK 2026 SAMEROEPERS

| TAFELS | NAAM | KONTAKBESONDERHEDE |
|---|---|---|
| Hamburgers & chips | Leone Malan | 082 854 6013 |
| Boereworsrolle | Bennie &<br>Rona van Zyl | 082 4666 558<br>082 339 1362 |
| Jaffles | Gerrit van Zyl | 083 388 4379 |
| Pannekoek | Tersia Baard | 078 324 4692 |
| Poeding | Letteli Nel | 083 350 8673 |
| Gebak | Hanlie Neethling | 072 433 7243 |
| Kleinkoekies | Cecile vd Poel | 073 173 1134 |
| Teekamer | Suzette Posthumus | 061 262 8298 |
| Allerlei | Gerda Oosthuizen | 082 3735 230 |




## Helderberg Uitreik RAMP-HULP

Enige finansiële bydraes vir die ramphulpfonds kan direk in HB Uitreik se rekening, of ons gemeente se rekening inbetaal word:

**NGK Somerset-Wes**
**ABSA, tjekrekening**
**# 2900 590 132**
**Verwysing: Ramphulp**

# CARITAS

## Die gemeente se diens van barmhartigheid

Ons bedank graag almal wat tydens Pinkster so ruim bygedra het tot Caritas se kas tov **nie-bederfbare kruideniersware.** Dankie Omgeegemeente dat ons weereens op julle kon staatmaak.

Caritasgroete;
Francine v Zyl




## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

## Volgende geleentheid: 29 Mei 2026

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

## Kerkraadsvergadering: Dinsdag 26 Mei om 18:30 in Patmos

Diegene wat gedrukte dokumente aangevra het, kan dit vanoggend in die kapel afhaal.

## Tee en inligtingsessie vir nuwe intrekkers

Alle nuwe intrekkers word hartlik genooi om direk na die erediens te kom tee drink in Patmos, syvertrek in die kerksaal. Lekker melktert sal saam met die tee bedien word, terwyl ds Willem 'n vinnige oorsig oor die gemeente se aksies en bedrywighede sal gee. Kom maak gerus 'n draai. Alle nuwe intrekkers wat nog nie so 'n geleentheid bygewoon het nie, is genooi.

Die **BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS** kom op Donderdag, 4 Junie 2026 om 09:50 by die NG Omgeegemeente in Somerset-Wes bymekaar.
Don Wessels kom gesels met ons oor sy lewe sonder sig en sonder hande. Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09:15. Almal welkom.
Naas du Preez (082 804 1729) / ndupreez022@telkomsa.net

